# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Julie | July 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse behaal:

JSRA Patrollie voertuie het die Middedorp voertuig bygestaan om 'n persoon aan te keer vir die besit van vermoedelik gesteelde eiendom.  Die verdagte was in besit van 'n TV en ander items.  Die eiendom en die verdagte is oorhandig aan SAPD.

Die JSRA Patrollie voertuig het ook Kampus sekuriteit in die omgewing van Murray straat bygestaan, waar 'n verdagte 'n geyser wou steel.  Die verdagte en eiendom is oorhandig aan die SAPD.

Die JSRA Patrollie voertuig het ook in die omgewing van Van Riebeeck/Plein straat 'n verdagte gewaar wat met 'n klomp ysters pale loop.  Na verdere ondersoek doeleindes is die eienaar van die pale opgespoor.  Die klaer het 'n saak geopen en die verdagte is gearresteer vir besit van vermoedelik gesteelde eiendom wat met 'n diefstal saak verbind word.

Die JSRA Patrollie voertuig het 'n uitkyk ontvang vir 'n persoon wat 'n werker se sak in die omgewing van Coetzenburg Gym area gesteel het.  Die JSRA voertuig het die verdagte in besit van die sak gevind.  Die klaer het 'n saak geopen en die verdagte is oorhandig aan die SAPD.

Gedurende die maand was daar ook 'n diefstal van voertuig in die omgewing van Rattray straat, Die Laan area.  Die JSRA Beheerkamer het die kameras nagegaan en die verdagte voertuig wat vermoedelik betrokke was by die diefstal van die voertuig geïdentifiseer as 'n wit Audi reg. no.CF29XXXX.  Die inligting is deurgegee aan die SAPD en ander rolspelers.  Die video materiaal is gestoor vir verdere ondersoek doeleindes.

Gedurende die maand was daar ook 'n diefstal van voertuig in die omgewing van Noordwal-Wes straat, net buite Die Laan area.  Die JSRA Beheerkamer het die kameras nagegaan en die verdagte voertuig wat vermoedelik betrokke was by die diefstal van die voertuig geïdentifiseer as 'n wit VW Polo sedan reg. no. CF12XXXX.  Die inligting is deurgegee aan die SAPD en ander rolspelers.  Die video materiaal is gestoor vir verdere ondersoek doeleindes.

Gedurende die maand was daar ook 'n huisbraak in die omgewing van Mancadan straat, Mostertsdrift area.  Die kameras van die JSRA is nagegaan en twee verdagtes is geïdentifiseer wat vermoedelik betrokke was by die voorval.  Die video materiaal is gestoor vir verdere ondersoek doeleindes.

| **Julie 2024** | |
|---|---|
| **Totaal** | **Klagtes** |
| ±185 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ±5 | Verdagte voertuie |
| ±104 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidshekke / huisdeure |
| ±9 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ±353 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |

Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens.

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | Daar is een voorval van huisbraak onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die voorval het op 'n Maandagaand in die omgewing van Mostertsdrift-area plaasgevind. Die verdagte het toegang tot die eerste vloer van die woning gekry, items gesteel en gevlug. Die kameras in die omgewing is nagegaan en twee verdagtes is opgetel in die area wat vermoedelik betrokke was by die voorval. Die video materiaal is gestoor vir verdere ondersoek doeleindes. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Daar is een voorval van diefstal van voertuig onder die JSRA se aandag gebring. Die voorval het gedurende 'n Donderdag oggend plaasgevind. Die kameras in die omgewing is nagegaan en die verdagte voertuig wat vermoedelik betrokke was is geïdentifiseer as 'n wit Audi met reg no. CF29XXXX. Die video materiaal is gestoor vir verdere ondersoek doeleindes. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | Gedurende die maand is daar een voorval van diefstal uit voertuig onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die voorval het gedurende 'n Dinsdag middag plaasgevind in die omgewing van Murray staat, Die Laan area. Die klaer het sy voertuig parkeer en toe hy terugkeer by die voertuig het hy gesien die linker agterste venter van die voertuig is gebreek. Items is uit die voertuig gesteel. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal Gewoon | Gedurende die maand is daar 3 voorvalle van diefstal gewoon onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die eerste voorval het in die omgewing van Mostertsdrift plaasgevind gedurende 'n Dinsdag middag. Die klaer het sy sak langs die veld geplaas waar hy geoefen het. |

| | |
|---|---|
| | Nadat hy geoefen het, het hy gesien van sy items is uit sy sak gesteel. Verdagte/s onbekend.<br><br>Gedurende die maand het die JSRA voertuig bystand aan Kampus sekuriteit gebied. Die verdagte is gearresteer waar hy 'n geyser gesteel het in die omgewing van Murray straat, Die Laan area. Die verdagte is oorhandig aan die SAPD.<br><br>Gedurende die maand is die JSRA in kennis gestel dat 'n selfoon vermoedelik gesteel is in die omgewing van Rozendal area. Die klaer het die woning se deure oopgelos. Die verdagte het vermoedelik net ingestap, die selfoon geneem en gevlug. |

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum en omgewing aangrensend aan die JSRA | Twee voorvalle van diefstal gewoon sake is onder die JSRA se aandag gebring.<br>Geen voorvalle van OTM bedrog is onder ons aandag gebring nie, maar wees steeds bedag by alle OTM's vir bedrog/diefstal/roof. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |
| Helshoogtepad | Geen sake van roof is onder ons aandag gebring nie. Wees asb. steeds bedag as jy in die omgewing fietsry / draf / stap. Moenie alleen of in klein groepies gaan nie. Probeer sover as moontlik om in groot groepe te gaan. Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Bergpad agter Coetzenburg / Coetzenburg Stadion / Suidwal- / Noordwal-Wes-omgewing | Sake van Diefstal gewoon, diefstal van voertuie, diefstal uit voertuie en bedrog is onder JSRA se aandag gebring in die omgewing. Wees asb. steeds bedag as jy in die omgewing fietsry / draf / stap. Moenie alleen of in klein groepies gaan nie. Probeer sover as moontlik om in groot groepe te gaan. Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Jan Maraispark-omgewing | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb. kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch-omgewing toeneem.
Verwyder asb. alle waardevolle items uit jou voertuig en maak seker dat jou voertuig gesluit is.

## D. Spesiale versoek en wenke

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Julie | July 2024**

Maak asb. seker dat jy die regte nommer het vir die Jonkershoek SRA Beheerkamer:
**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

JSRA het Sekuriteit en Sosiale WhatsApp/Telegram groepe vir die JSRA area. Indien jy nog nie op een van die groepe is nie, registreer asb. op die volgende skakel: **https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Gee ASB die veiligheids wenke deur aan u kinders. Laat hulle asb. die beheerkamer se nommer stoor op hulle fone. Die kinders kan ten alle tye die beheerkamer kontak as hulle onveilig voel of as daar verdagte persone of voertuie in hulle omgewing beweeg.**



## VEILIGHEIDSWENKE VIR KINDERS

- ONTHOU die MAKKERSTELSEL: NEEM ALTVD N VRIEND/MAAT SAAM, waar jy ook al gaan! Bly naby jou vriend! As julle in 'n gevaarlike situasie sou beland, kan julle mekaar help!!!
- Moet nooit op jou eie iewers heen gaan nie, maak seker jy is saam met 'n groep vriende of 'n volwassene wat jy en jou ouers vertrou.
- Moet nooit iewers heen gaan sonder om vir jou ouers te sê waarheen jy gaan nie. Vertel altyd jou ouers as jou planne verander.
- Maak seker dat jou ouers die telefoonnommers het van die vriende saam met wie jy is.
- Moet nooit in vreemdelinge se karre inklim nie of iewers saam met hulle gaan nie.
- As iemand jou volg ... Hardloop!!!!!! En skree!!!! Raas hard!!! Wees liewers veilig as jammer.
- Memoriseer jou ouers se telefoonnommers, name en vanne. Memoriseer ook 'n ander betroubare volwassene se telefoonnommer, ingeval jy nie jou ouers in die hande kan kry nie.
- Moenie na plekke toe gaan wat jy nie ken nie. As jy verdwaal, of jou ouers in 'n openbare plek verloor, gaan dadelik na die sekuriteit en vra vir hulp. Moenie jou ouers self probeer soek nie ... Kry hulp!!
- Moenie op jou eie na openbare toilette gaan nie.
- Moenie lekkers, geld, geskenke, koeldrank, ens. van vreemdelinge vat nie.
- Skryf jou naam binne-in jou klere en jou skooltas/skoolsak. asook jou ouers se telefoonnommers. Moenie dit buite-op skryf waar vreemdelinge dit kan sien nie.

## NOODNOMMERS

As jy 'n selfoon het,
voeg hierdie nommers by jou spoedskakel

**Jonkershoek SRA Beheerkamer:**
**062 027 1601**

**Stellenbosch SAPD:**
**(021) 809 5015**

**Stellenbosch Wetstoepassing:**
**079 622 4722**



**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

During the month, the JSRA Security Officers achieved the following successes:

JSRA Patrol vehicles assisted the Middedorp vehicle in apprehending a person for possession of suspected stolen property. The suspect was in possession of a TV and other items. The property and the suspect were handed over to SAPS.

The JSRA Patrol vehicle also assisted Campus Security in the vicinity of Murray Street, where a suspect wanted to steal a geyser. The suspect and property were handed over to the SAPS.

The JSRA Patrol vehicle also spotted a suspect walking with a bunch of iron poles in the vicinity of Van Riebeeck/Plein Street. After further investigation, the owner of the poles was located. The complainant opened a case and the suspect was arrested for possession of suspected stolen property which is connected to a theft case.

The JSRA Patrol vehicle received a lookout for a person who stole a worker's bag in the vicinity of Coetzenburg Gym area. The JSRA vehicle found the suspect in possession of the bag. The complainant opened a case and the suspect was handed over to the SAPS.

During the month there was also a theft of a vehicle in the vicinity of Rattray Street, Die Laan area. The JSRA Control Room checked the cameras and identified the suspect vehicle that was possibly involved in the theft of the vehicle as a white Audi reg. no.CF29XXXX. The information was sent to the SAPS and other role players. The video material has been saved for further investigation purposes.

During the month there was also a theft of a vehicle in the vicinity of Noordwal-Wes Street, just outside Die Laan area. The JSRA Control Room checked the cameras and identified the suspect vehicle that was possibly involved in the theft of the vehicle as a white VW Polo sedan reg. no. CF12XXXX. The information was sent to the SAPS and other role players. The video material has been saved for further investigation purposes.

During the month there was also a burglary in the vicinity of Mancadan street, Mostertsdrift area. The cameras in the area were reviewed and two possible suspects were identified. The video material has been saved for further investigation purposes.

| **July 2024** | |
|---|---|
| **Total** | **Complaints** |
| ±185 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ±5 | Suspicious vehicles |
| ±104 | Open gates / garage doors / safety doors / house doors |
| ±9 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ±353 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, etc. | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident reported. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / sexual assault | No incident reported. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | There was one incident of housebreaking brought to the JSRA's attention. The incident took place on a Monday evening in the vicinity of Mostertsdrift area. The suspect gained access to the first floor of the residence, stole items and fled. The cameras in the area were reviewed and two possible suspects were identified. The video material has been saved for further investigation purposes. |
| Theft of motor vehicle/motor cycle | There was one incident of vehicle theft brought to the JSRA's attention. The incident took place during a Thursday morning. The cameras in the area were reviewed and the possible suspect vehicle was identified as a white Audi with registration no. CF29XXXX. The video material has been saved for further investigation purposes. |
| Theft from / out of a vehicle | During the month, one incident of theft out of a vehicle was brought to the JSRA's attention.<br>The incident took place during a Tuesday afternoon in the vicinity of Murray State, Die Laan area. The complainant parked his vehicle and when he returned to the vehicle he saw that the left rear window of the vehicle was broken. Items were stolen from the vehicle. Suspect/s unknown. |
| Theft general | During the month, there were 3 incidents of theft general brought to the JSRA's attention.<br>The first incident took place in the vicinity of Mostertsdrift, during a Tuesday afternoon. The complainant left his bag next to the field where he practiced. After practicing, he saw that some items had been stolen from his bag. Suspect/s unknown. |

| | |
|---|---|
| | During the month, the JSRA vehicle provided assistance to Campus security. The suspect was arrested when he stole a geyser in the vicinity of Murray Street, Die Laan area. The suspect was handed over to the SAPS.<br><br>During the month, the JSRA was informed that about a mobile phone that was stolen in the Rozendal area. The complainant left the residence's doors open. The suspect is believed to have just walked in, taken the cell phone and left. |
| Fraud | |

## C. <u>Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)</u>

Please be on the alert when you visit these areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | Two incidents of theft general were brought to the JSRA's attention.<br>No incidents of ATM fraud have been brought to our attention, but please be vigilant at all ATMs for fraud/theft/robbery. |
| Botmaskop/African Valley | No incidents reported. |
| Helshoogte Road | No cases were brought to our attention. Please be still vigilant in the area, when cycling/jogging/walking in the area. Do not go alone or in small groups. Try to go in large groups. If any suspicious activities/persons/vehicles are noticed, please inform the JSRA Control Room immediately. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg / Coetzenburg area | Cases of burglary, theft of vehicles, theft out/from vehicles, and fraud were brought to JSRA's attention. Please be vigilant when cycling/jogging/walking in the area. Do not go alone or in small groups. Try to go in large groups. If any suspicious activities/persons/vehicles are noticed, please inform the JSRA Control Room immediately. |
| Jan Marais Park area | No incidents reported. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups.
Please be on the alert at all ATMs when you withdraw money.

## D. <u>Special request and hints</u>

Residents are once again requested to please report all matters to the SAPS.

Please make sure you have the right number for the Jonkershoek SRA Control Room:

JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Julie | July 2024**

JSRA has Security and Social WhatsApp/Telegram groups for the JSRA area. If you are not yet on one of the groups, please register. on the following link: https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6

PLEASE inform your children about the following safety. Please let them save the control room's number on their phones. The children can contact the control room at any time if they feel unsafe or if they spot suspicious person/s or vehicle/s.



## SAFETY TIPS FOR CHILDREN

- REMEMBER the BUDDY SYSTEM: ALWAYS TAKE A FRIEND/BUDDY WITH YOU, wherever you go! Stay close to your friend! If you should get into a dangerous situation, you can help each other!!!
- Never go somewhere on your own, make sure you are with a group of friends or an adult that you and your parents trust.
- Never go somewhere without telling your parents where you are going. Always tell your parents if your plans change.
- Make sure that your parents have the phone numbers of the friends that you are with.
- Do not drive with strangers. Never get in the car of a stranger or go somewhere with them.
- If someone is following you ... Run!!!!!! And scream!!!!!!! Make a big noise!!!!!!!! Rather be safe than sorry.
- Memorise your parents' phone numbers, names and surnames. Also, memorise another trusted adult's phone number, in case you cannot reach your parents.
- Do not go to places that you do not know. If you get lost or lose your parents in a public place, go to security immediately and ask for help! Do not try to find your parents ... get help!
- Do not go to public toilets on your own.
- Do not take sweets, money, presents, etc. from strangers.
- Write your name inside your clothes and school bag, as well as your parents' phone numbers. Do not write it on the outside, where strangers can see it.

## EMERGENCY NUMBERS

If you have a phone,
add these numbers to your speed dial

**Jonkershoek SRA Control Room:**
**062 027 1601**

**Stellenbosch SAPS:**
**(021) 809 5015**

**Stellenbosch Law Enforcement:**
**079 622 4722**



Best regards
JSRA Management